
‘n Gebed van David
shofar

**(2 Sam 7:18-19)** Toe het koning Dawid ingegaan en voor die Here gaan sit en gebid: “Wie is ek, oppermagtige Here, en wie is my nageslag dat U so baie vir my gedoen het? En selfs dit was vir U nog nie genoeg nie, oppermagtige Here, want U het ook gepraat van ’n toekomstige koningshuis vir u dienaar! Wat ’n belofte aan ’n mens, oppermagtige Here!

**(2 Sam 7:20-23)** Wat meer kan ek sê? U ken my, u dienaar, oppermagtige Here. Ter wille van u dienaar en volgens u wil het U hierdie groot ding gedoen en dit vir my, u dienaar, bekendgemaak. “Daarom is U groot, oppermagtige Here! Daar is niemand soos U nie. Ons het nog nooit gehoor van enige God soos U nie. En watter ander volk is soos Israel? Dis die een nasie op aarde wat U, God,

**(2 Sam 7:23-25)** uit slawerny verlos het en U eie volk gemaak het. U het ’n groot naam vir Uself gemaak toe U u volk uit Egipte gered het en met groot ontsagwekkende dade die nasies en gode wat in hulle pad gestaan het, uitgedryf het. U het Israel tot u volk gemaak vir altyd, en U, Here, het hulle God geword. En nou, Here God, doen wat U belowe het oor my en my nageslag en bevestig dit vir altyd

**(2 Sam 7:26-28)** sodat u Naam vir altyd geëer mag word. Mag daar gesê word: ‘Die Here, die Almagtige, is God van Israel!’ En mag die koningshuis van u dienaar Dawid in u teenwoordigheid vas bly staan. “Here, Almagtige, God van Israel, ek het die vrymoedigheid geneem om hierdie gebed tot U te bid, want U het bekendgemaak dat U ’n huis vir my sal bou! Nou, oppermagtige Here, U is God en u woorde is waarheid.

**(2 Sam 7:28-29)** U het hierdie goeie dinge aan u dienaar belowe. Mag U nou asseblief die huis van u dienaar seën sodat dit vir altyd voor U mag bestaan, want U, oppermagtige Here, het dit belowe. Met u seën sal die koningshuis van u dienaar vir altyd geseën wees!”

**(2 Sam 7:18)** Toe het koning Dawid ingegaan en voor die Here gaan sit en gebid: “**Wie is ek**, oppermagtige Here, **en wie is my nageslag** dat U so baie vir my gedoen het?

**(Jesaja 66:2)** Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat **arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord.**



# ‘n Gebed van David

1. Nederigheid en deursigtigheid lei na intimiteit.

**(2 Sam 7:19)** En selfs dit was vir U nog nie genoeg nie, oppermagtige Here, want U het ook gepraat van ’n toekomstige koningshuis vir u dienaar! Wat ’n belofte aan ’n mens, oppermagtige Here!

**(2 Sam 7:21)** Ter wille van u dienaar en volgens u wil het U hierdie groot ding gedoen en dit vir my, u dienaar, bekendgemaak.

**(2 Sam 7:27)** “Here, Almagtige, God van Israel, ek het die vrymoedigheid geneem om hierdie gebed tot U te bid, **want U het bekendgemaak dat U ’n huis vir my sal bou!**

**(2 Sam 7:28)** Nou, oppermagtige Here, U is God en **u woorde is waarheid**. U het hierdie goeie dinge aan u dienaar belowe.

**(1 Joh 5:14)** En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil.

# ‘n Gebed van David

1. Nederigheid en deursigtigheid lei na intimiteit.
2. Laat die Woord van God ons gebede lei.

**(Efe 6:17-18)** En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees — dit is die woord van God — terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges

**(1 Thes 5:17)** Bid sonder ophou.

“I don't often spend more than half an hour in prayer at one time, but I never go more than half an hour without praying.”

Smith Wigglesworth

# ‘n Gebed van David

1. Nederigheid en deursigtigheid lei na intimiteit.
2. Laat die Woord van God ons gebede lei.
3. Bid sonder ophou.